



Die Calvinistiese alliansie het 'n geslaagde byeenkoms gehou op 22 Augustus 2015. Die voordragte het gesentreer rondom Belhar en die Kairos dokument wat nou al 30 jaar gelede uitgegee is. Die teologiese debat rondom Belhar is dalk oorbekend. Die eerste voordrag het 'n noodsaaklike perspektief uitgelig. 'n Perspektief wat ignoreer word of as van geen belang afgemaak word. Lesers van Die Skietlood word uitgenooi om hierdie hele voordrag te lees en dan self ook te besluit. Dit lyk tog asof die grond van hierdie Belhar plantjie toksies is en die hele Belhar toksies maak.

BELHAR EN DIE REWOLUSIONÊRE AANSLAG

Johan van der Merwe

Rewolusies is deur die eeue gekenmerk deur 'n strewe na politieke mag waar die behoeftes van die massas uitgebuit word om rewolusionêre doelwitte te bevorder. In Suid-Afrika is die Belydenis van Belhar (Belhar) uit die rewolusionêre aanslag gebore en het dit 'n wesenlike rol in die rewolusie gespeel. Die ANC/SAKP-alliansie het besluit om die Nasionale Regering met geweld omver te werp. Ek was meer as 30 jaar as lid van die Veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisiemag (SAP) intensief in die stryd teen dié aanslag betrokke.

Op 31 Maart en 1 April 1956 het die African National Congress en The South African Communist Party (ANC/SAKP-alliansie) die *Freedom Charter* amptelik aanvaar. In Sechaba, amptelike mondstuk van die ANC/SAKP-alliansie wat gedurende 1978 verskyn het, is die Alliansie se doelstellings só verwoord:

“The Freedom Charter lays a basis and is a pre-condition for further development and radicalisation of our revolution, its implementation will pre-suppose and demand the destruction of the white racist regime and the abolition of national, cultural, religious and language privileges of whites over blacks.”

Aanvaarding van die *Freedom Charter* het egter tot 'n skeuring in die geledere van die ANC/SAKP-alliansie gelei. 'n Groep wat daarop aangedring het dat slegs swartes deel daarvan moet wees, het weggebreek en in April 1959 die Pan Africanist Congress (PAC) en sy militêre vleuel, POQO, gestig. Weens die radikale bedrywighede van die ANC/SAKP-alliansie en die PAC is albei in 1960 deur die regering onwettig verklaar.

Op 13 Mei 1961 het die ANC/SAKP-alliansie besluit om tot geweld oor te gaan en op 16 Desember 1961 is *Umkhonto We Sizwe*, hul militêre vleuel, amptelik gestig. Daarna het protesoptogte, sabotasie en moorde op burgerlikes gevolg.

Enkele predikante van die NG Kerk (NGK) het in 1963 onder leiding van dr. Beyers Naudé die Christelike Instituut (CI) van Suid-Afrika gestig. Die doelstellings was om geld van Europese en later ook Amerikaanse kerkgroepe te bekom om die bedrywighede van radikale organisasies te finansier.

In 1968 het die CI lid van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) geword. Sedert 1970 het die SARK 'n meer radikale rigting ingeslaan en rewolusionêre organisasies daadwerklik begin steun. Noue bande het tussen die SARK en die ANC/SAKP-alliansie ontstaan.

Die regering het die CI in 1977 weens sy radikale bedrywighede onwettig verklaar. In dieselfde jaar is dr. Allan Boesak se doktorsale tesis getiteld *Farewell to Innocence* in Johannesburg gepubliseer. Dit het reeds in 1976 in Nederland verskyn. Die wese daarvan is daarop gerig dat God Hom by die swartes skaar en dat “*blacks may participate in the struggle without any reservation knowing that they are doing the will of God*”.

Dr. Boesak, visepresident van die SARK en voorsitter van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK), en dr. Naudé, sekretaris-generaal van die SARK, het in hulle onderskeie hoedanighede 'n leidende rol in die bedrywighede van die

SARK gespeel. Daar was voortdurend wisselwerking tussen die verskillende lede van die SARK. Drr. Boesak en Naudé se invloed was deurslaggewend.

Umkhonto We Sizwe het militêr weinig sukses behaal en was hoegenaamd nie opgewasse teen die veiligheidsmagte nie. Hy het dit vermy om met hulle slaags te raak. Gevolglik het *Umkhonto We Sizwe* hom in die jare tagtig op stedelike terreur begin toespits. Die aanslag was hoofsaaklik teen burgerlikes gerig.

Die ANC/SAKP-alliansie het terdeë besef dat sonder die steun van die massas die rewolusionêre aanslag gedoem is. 'n Sentrale liggaam was nodig om die massas te mobiliseer en terselfdertyd 'n kleed van geregtigheid oor hulle afgryslike terreurdae te trek. Die Kerk was ideaal daarvoor. Trouens, Lenin het nadruklik verklaar: *"We will find our most fertile field for infiltration by communists within the field of religion, because religious people will swallow anything – just as long as it is wrapped up in religious language."*

Die Wêreldraad van Kerke (WGK) het in Junie 1980 'n konferensie in Nederland gehou waar mnr. Oliver Tambo, president van die ANC, verklaar het :

"The church that the oppressed people of our country demand is one that openly, publicly and actively fights for the political, economic and social liberation of man, as part of the world forces engaged in the process of bringing into being a new world order..."

Hy het afgesluit :

"When those who worshipped Christ shall have, in pursuit of just peace taken up arms against those who hold the majority in subjection by force of arms, then shall it truly be said of such worshippers also: 'blessed are the peacemakers, for they shall be called the sons of God'."

Die ANC/SAKP-alliansie het besef dat kerke in Suid-Afrika met lidmate landwyd 'n magtige instrument is om mense te beïnvloed, te kondisioneer en uit te buit om hulle rewolusionêre bedrywighede te bevorder. Dr. Naudé was toe reeds

daadwerklik by ondergrondse bedrywighede van die ANC/SAKP-alliansie betrokke.

Volgens betroubare inligting wat die Veiligheidstak van informante gekry het, het onder andere drr. Naudé en Boesak hulp verleen wat terroriste in staat gestel het om dood en verminking te saai. Die informante kon nie teen hulle getuig nie, want hulle en hul familieledes sou 'n gewisse wrede halssnoerdood gesterf het. Dr. Naudé is ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid ingeperk. In 1985 het die regering besluit om die veiligheidsmaatreëls te verslap in 'n poging om die goedgesindheid van politieke aktiviste te probeer wen. Die Veiligheidstak het gewaarsku dat dit futiel sal wees. Dr. Naudé se inperking is later heeltemal opgehef.

In sy boek, My land van hoop, probeer dr. Naudé die geweld van die ANC/SAKP-alliansie en sy betrokkenheid daarby uit 'n Christelike oogpunt regverdig. Hy skryf onder meer:

"In die Suid-Afrikaanse situasie van destyds kon ek insien dat byvoorbeeld jongmense in die swart gemeenskap geglo het dat alle middele tot 'n vreedsame skikking uitgeput is en daarom kon ek verstaan waarom hulle die wapen opgeneem het, dat hulle die land uitgevlug het, dat hulle elders militêre opleiding ondergaan het. Maar wat myself betref, het ek gesê: 'Ek is 'n blanke, ek is baie meer bevoorreg as hulle, daar is nog baie wat ek in Suid-Afrika kan doen sonder om die wapen op te neem. Daarom kon ek nooit sover kom om te sê ek gaan help bomme maak, ek gaan help om wapens te voorsien nie. Daartoe kon ek my nooit bring nie'."

"Ek erken ek het jongmense gehelp om uit die land te vlug. Ek het gehelp om die ANC se literatuur te versprei, sodat mense moes weet waarom gaan dit vir die ANC, veral die Vryheidsmanifes van die ANC."

Dr. Naudé bedoel waarskynlik "lektuur", want die ANC het in sy ganse bestaan nog nooit enige literatuur uitgegee nie. Sy uiteensetting is 'n sprekende voorbeeld van hoe selektief morele beginsels toegepas is. Dit was nie vir hom nodig om self bomme te maak nie. Die jongmense wat hy gehelp het

om uit die land te vlug, is deur *Umkhonto We Sizwe* vir militêre opleiding in die Sowjetunie en elders gewerf. Daarna het hulle Suid-Afrika met wapens binnegeploop om dood en verwoesting te saai. Dit is moeilik om te glo dat dr. Naudé en ander geestelike leiers nie besef het dat daardie mans sou terugkeer om terreurdade te pleeg nie.

Sechaba het in elke uitgawe oor die “heldedade” van *Umkhonto we Sizwe* berig.

Dit was sonder uitsondering terreurdade.

'n Mens moet dus aanvaar dat onder andere dr. Boesak en Naudé volledig kennis gedra het van die gruweldade van die ANC/SAKP-alliansie, maar voortgegaan het om hul rewolusionêre bedrywighede daadwerklik te bevorder.

Hulle het dit waarskynlik probeer regverdig met die standpunt dat apartheid boos is en dat die doel die middele heilig. Ironies genoeg het dit niks bygedra tot die bevryding van swartmense nie, maar die proses eerder vertraag.

Die geld wat dr. Naudé en ander geestelike leiers gebruik het om swart jeugdige te help om die land onwettig te verlaat, is ongetwyfeld deur welmenende mense en instansies vir welsynsdoeleindes geskenk.

Dit is ook glashelder dat dr. Naudé en ander SARK-leiers deel van *Umkhonto we Sizwe* se netwerk gevorm het, want hoe sou die “jongmense” anders geweet het om daar te gaan hulp soek.

Die ANC-“literatuur”, wat dr. Naudé en waarskynlik ook ander kerkleiers met SARK-bande versprei het, moes die rewolusionêre doeleindes van die ANC/SAKP-alliansie bevorder. Dit was 'n ernstige misdryf ingevolge die Wet op Bestryding van Terrorisme om enige lektuur wat rewolusionêre bedrywighede bevorder het, te versprei. Derhalwe moes dr. Naudé en andere dit in die geheim gedoen het. Daarvoor sou hulle noodwendig die ondergrondse strukture van die ANC/SAKP-alliansie gebruik het.

Die Vryheidsmanifes van die ANC, wat dr. Naudé so hoog aangeslaan en help versprei het, het 'n sterk sosialistiese grondslag. Dit

maak voorsiening vir die nasionalisering van myne en grond en gee geen erkenning aan die Drie-enige God nie.

Wikipedia verstrek volledige besonderhede oor die rol wat dr. Naudé in die geleedere van die SARK gespeel het. Daarvolgens is dit duidelik dat hy buitengewone invloed gehad het. Die volgende inligting word ook verstrek:

“... *Although under constant police surveillance, Naudé managed to secretly help anti-apartheid resistors move around and out of South Africa by providing them with old vehicles that he had repaired himself. He later joked that this was ‘My small contribution to a struggle I knew was right’. His ANC liaison was Sydney Mufamadi who became Minister of Provincial and Local Government in the post-apartheid government.*”

Dit is onwaar dat die Veiligheidstak dr. Naudé voltyds dopgehou het. Die Veiligheidstak se vermoë was te beperk om alle verdagtes voltyds dop te hou. Ons het informante gebruik en was goed ingelig oor dr. Naudé se bedrywighede. Die sogenaamde “*anti-apartheid resistors*” was lede van *Umkhonto We Sizwe* wat met dr. Naudé se ou voertuie kleefmyne, ploftoestelle, handgranate en AK-gewere landwyd vir terreurdade versprei het. Ons wou egter nie die lewe van informante op die spel plaas deur hulle in die hof teen dr. Naudé te laat getuig nie. Sodoende het hy en ander kerkleiers wat hulle in kerklike gewaad aan oortredings van die Wet op die Bestryding van Terrorisme skuldig gemaak het, skotvry daarvan afgekom.

Pres. Jacob Zuma bestempel dr. Naudé as “... *a pioneer of non-racialism and one of the stalwarts of our struggle for liberation both here and abroad ...*”

Dit is opvallend dat pogings om Belhar tot stand te bring in 1982 begin het in dieselfde tydperk toe beplanning gedoen is om 'n organisasie op die been te bring wat die massas teen die Regering kon mobiliseer. In 1983 is die *United Democratic Front* (UDF) gestig waarin dr. Boesak, dr. Naudé en ander geestelike leiers 'n leidende rol gespeel het.

Die oogmerk van die UDF was om die massas te mobiliseer om grootskaalse burgerlike ongehoorsaamheid en verset aan te wakker om die Regering tot 'n val te bring. Ofskoon die UDF die ANC/SAKP-alliansie gesteun het en dieselfde oogmerke nagestreef het, het dit nie onder beheer van die ANC/SAKP-alliansie gestaan nie. Die bedrywighede van die UDF het landwye onrus en geweld tot gevolg gehad. Dit is as 'n verbode organisasie verklaar.

Landwye onrus en geweld het die regering verplig om op 20 Julie 1985 'n noodtoestand in sekere gebiede te verklaar. Duisende politieke aktiviste wat die onrus en geweld aangestook het, is aangehou. Ná 'n paar maande het die onrus en geweld bedaar en die aktiviste is vrygelaat. Onrus en geweld het opnuut opgevlam en op 12 Julie 1986 is weer 'n landwye noodtoestand afgekondig. Dit het tot 1989 geduur.

Daar word glad nie beweer dat die SARK en betrokke geestelike leiers geweld openlik aangemoedig het nie. Hul pogings om massaverset te mobiliseer, aanhitsing tot burgerlike ongehoorsaamheid en die misbruik van geld om mense vir militêre opleiding te stuur, het egter 'n vrugbare teëlaarde vir geweld en doodslag gevorm. Opsweping van die massas het noodwendig in geweld neerslag gevind.

Suid-Afrika was in 'n bloedige terreurstryd gewikkel. Terreurvoorvalle het bykans daaglik voorgekom. Weerlose vrouens en kinders het gesterf.

Op 20 Mei 1983 het 'n motor met 'n kragtige lading ploffstof in spitstyd in Kerkstraat, Pretoria, ontplof. Twaalf burgerlikes is dood en 217 ernstig beseer en vermink. Die polisie moes wydverspreide liggaamsdele in plastieksakke bymeekaarmaak.

Op 23 Desember 1985 ontplof 'n toestel in 'n vullishouer in die Sanlamsentrum in Amanzimtoti. Vyf burgerlikes sterf grusaam en 40 is ernstig beseer. Swart lede van die Polisie, asook raadslede in swart woonbuurte, is vermoor en hul huise afgebrand. Enigeen wat daarvan verdink is dat hy of sy met die

polisie saamwerk, is lewend met die halssnoermetode verbrand.

Van 1980 tot 1990 is 270 lede van die Polisie vermoor. In dieselfde tydperk is 539 mense met die halssnoermetode lewend verbrand. Altesame 696 is lewend verbrand deur brandstof op hulle uit te giet en hulle aan die brand te steek. Met motorbomme, landmyne, kleefmyne en ander ploffstelle het *Umkhonto We Sizwe* op groot skaal dood en verminking gesaai.

Die Polisie het dag en nag in uiters haglike omstandighede gewerk in 'n desperate poging om die gemeenskap teen die terreur, geweld en doodslag te beskerm. Burgerlike ongehoorsaamheid is landwyd deur die UDF, met dr. Boesak en ander kerkleiers van die SARK aan die spits, aangehits. Dit het bykans sonder uitsondering op geweld uitgeloop.

Die ANC/SAKP-alliansie se verklaarde beleid was alle lede van die SA Polisie, die SA Weermag en hul gesinne moes as harde teikens beskou en uitgewis word. Die SARK het in dieselfde gees besluit dat geen predikant wat aan hulle verbonde is as kapelaan in die polisie of die weermag mag dien nie.

Die noue samewerking tussen die SARK en die ANC/SAKP-alliansie het noodwendig gemeenskaplike doelstellings geskep. Die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WGK) is in 1982 in Ottawa deur dr. Boesak oorreed om die "pseudo-evangelie" apartheid as kettery en sonde te verklaar. Dit is feitlik woordeliks aanvaar en die NG Kerk, asook die Hervormde Kerk, is uit die WGK geskors en dr. Boesak is as voorsitter verkies.

Die sinodesitting van die NG Sendingkerk (NGSK) het in Oktober dieselfde jaar plaasgevind. Volgens al die bronne is dit duidelik dat die sinodesitting deur ernstige tweespalt en 'n verborge agenda gekenmerk is. 'n Drukgroep onder leiding van dr. Boesak het 'n toonaangewende rol gespeel. Hy het dieselfde strategie gevolg waarmee hy die WGK oorreed het om apartheid as kettery en sonde te verklaar. 'n Voorstel onder sy leiding, dat apartheid sonde is, is deur die sinode aanvaar.

Die sinode het daarop besluit 'n belydenisskrif moet opgestel word om gestalte aan die besluit te gee. Dit spreek vanself dat die belydenisskrif noodwendig so bewoerd moes word dat apartheid as sonde uitgebeeld word. Ofskoon die woord apartheid nie in die belydenisskrif voorkom nie, laat die bewoording geen twyfel dat dit op apartheid slaan nie.

Die volgende omstandighede het tydens die opstel van die Belydenis van Belhar geheers:

- Suid-Afrika was in 'n rewolusionêre aanslag gewikkel waar die ANC/SAKP-alliansie alles in die stryd gewerp het om die regering met geweld oor te neem.
- Daar het noue bande tussen die SARK, waarvan die NGSK 'n lid was, en die ANC/SAKP-alliansie bestaan.
- Drr. Boesak en Naudé het 'n leidende rol in die SARK gespeel en 'n sterk invloed op die denkwysse van ander predikante in hulle geleedere uitgeoefen. Die invloed van drr. Boesak en Naudé was duidelik sigbaar op die sinodesitting van die NGSK.

Artikel 4 van die Belydenis was by uitstek nuttig om die rewolusionêre doelstellings van die ANC/SAKP-alliansie te bevorder. Dit lui onder meer:

“...dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg; dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeries gee; dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy die wat bedruk is ondersteun, die vreemdelinge beskerm.”

Volgens Lenin, Karl Marx en Mao Tse-tung is daar drie kernvereistes om 'n rewolusie te laat slaag: skep 'n gemeenskaplike vyand, mobiliseer die massas en gebruik geweld. Die besluit van die sinode van die NGSK dat apartheid sonde is, het noodwendig die NGK en die NP-regering sy gemeenskaplike vyand gemaak. So is aan die eerste vereiste vir 'n suksesvolle rewolusie voldoen.

Daarna het die mobilisering van die massas in 1983 gevolg. Die landwye onrus en

geweld het aan die ander kernvereistes voldoen.

Dr. Boesak het te midde van die onrus en geweld steeds voorgegee dat hy ten gunste van vreedsame verset teen die regering is. Sy dade het egter sy woorde verswelg. Dit is alombekend dat Suid-Afrika een van die mees gewelddadige lande ter wêreld is. Daar word op 'n dag meer mense in Suid-Afrika vermoor as moorde wat in 'n jaar in Westerse lande voorkom. Vreedsame betogings in Suid-Afrika is 'n mite.

Enige massabyeenkomste van verset of burgerlike ongehoorsaamheid dra die kiem van geweld en loop bykans sonder uitsondering op geweld uit. Selfs in huidige protesbyeenkomste word voertuie met klippe gegooi, staatsgeboue en skole aan die brand gesteek en die betogers met rubberkoeëls deur die polisie verjaag. Dr. Boesak en die ander kerkleiers was terdeë van hierdie feite bewus.

Kerkleiers se daadwerklike betrokkenheid by die rewolusie en die geweld het katastrofale gevolge vir Suid-Afrika gehad. Terwyl kerkleiers apartheid fel veroordeel het, het hulle soos die graf oor die gruweldade van die ANC/SAKP-alliansie geswyg.

Dr. Boesak het in die RSG-program Kruis en Dwars op 18 Maart 2012 gesê die profetiese stem van die Kerk het ná 1994 stil geraak. Ongelukkig het die profetiese stem van die Kerk voor 1994 oor die terreur- en ander gruweldade van die ANC/SAKP-alliansie geswyg. Slegs die ongeregtighede van apartheid het onder die vergrootglas gekom.

Belhar het 'n simbool van die stryd teen apartheid geword. Die Kerk se optrede het noodwendig die persepsie by die gewone mens geskep dat gewelddadige verset teen apartheid, wat terreur- en ander gruweldade ingesluit het, op Bybelse grondslag geregverdig is. Ek was geskok omdat leidende teoloë in die NGK die mening huldig dat gewelddadige verset teen die vorige regering uit 'n Bybelse oogpunt geregverdig kon word.

In die gemelde Kruis en Dwars-program het dr. Boesak 'n dubbelsinnige standpunt oor hierdie onderwerp gehad. Hy het te kenne

gegee dat hy “ ‘n ongemak” oor gewelddadige verset het. Dr. Fritz Gaum, wat daaraan deelgeneem het, het nie 'n standpunt daarvoor gestel nie. Die feit is dat kerkleiers in die SARK, wat op een of ander wyse by die ontstaan van die Belydenis van Belhar betrokke was, nie die terreur- en ander gewelddade van die ANC/SAKP-alliansie veroordeel het nie. Hulle het geen poging aangewend om lidmate te ontmoedig om daaraan deel te neem nie. Dit het 'n nuwe dimensie aan geweld in Suid-Afrika verleen. Die handhawing van wet en orde hang baie nou saam met die wyse waarop die gemeenskap hom teen misdaad en geweld verset en dit afkeur. Kerklike goedkeuring vir geweld, hetsy nadruklik of oogluikend, vernietig 'n gemeenskap se sin vir reg en geregtigheid.

Teenstrydig met alle verwagtinge het die rewolusionêre aanslag ná 1990, toe daar met staatkundige onderhandelinge begin is, in felheid toegeneem. Suid-Afrika het die wrange vrugte gepluk van 'n Kerk wat die bevrydings- en swart teologie deel van die rewolusie gemaak het. Kerkleiers het hul stempel deur daadwerklike ondersteuning van geweld en terreur, of hul oogluikende goedkeuring daarvan, op die gemeenskap afgedruk. Die ANC/SAKP-alliansie, die IVP en ander swart magsgroepe het in verbete gevegte betrokke geraak om hulle politieke magsbasisse te vergroot.

Volgens statistieke van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasse-aangeleenthede is 3 699 mense in 1990 in die politieke magstryd vermoor. In 1991 het die getal 2 672 beloop. Die ANC/SAKP-alliansie en die SARK, met mnr. Nelson Mandela en aartsbiskop Desmond Tutu aan die spits, het alles in hulle vermoë gedoen om die SA Polisiemag of 'n derdemag vir die geweld te blameer. Deurtastende ondersoek deur die Goldstone-kommissie, wat baie skepties jeens die polisie gestaan het, het egter bo twyfel bewys dat dit 'n onderlinge politieke magstryd in swart geledere was.

Op 4 Februarie 1991 het die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasse-aangeleenthede 'n persverklaring uitgereik waarin die

uitvoerende direkteur, mnr. John Kane-Berman, onder meer die volgende stellings gemaak het: “*Christian leadership in South Africa has helped to legitimate violence as an instrument of liberation*” en ook “*black people in the townships are reaping a whirlwind of violence that the churches have helped to sow*”.

Ondanks verbete pogings deur leidende teoloë in die NGK en VGKSA om Belhar van sy politieke mantel te stroop, is dit ironies dat dieselfde teoloë die ongeregtighede van apartheid ophaal wanneer hulle van die betrokke belydenisskrif praat. Dit is kommerwekkend dat nooit 'n enkele woord oor die ongeregtighede en gruweldade van die ANC/SAKP-alliansie gerep word nie.

Dit skep die indruk dat skuldgevoelens oor apartheid steeds die deurslaggewende faktor is wanneer dié belydenisskrif beoordeel word. Voortdurende propaganda deur die ANC-regering met invloed in die media het meegebring dat die feite van die verlede nou deur die persepsies van die hede verdring is. Mense se geheues het vervaag, die gruweldade van die ANC/SAKP-alliansie is vergete. Mense word aan hulle neuse gelei deur teoloë wat sterk onder die invloed van die bevrydings- en swart teologie is.

Flagrante leuens wat tydens die WVK-verhore oor die skending van menseregte oor die Veiligheidstak van die Polisiemag vertel is, is die wêreld ingestuur. Ná 'n lang hofstryd, wat lede van die Veiligheidstak teen die WVK gevoer het om hulle reg te handhaaf om die waarheid aan die kaak te stel, het vyf regters van die Appèlhof eenparig in die guns van die betrokke lede beslis. Ondanks nadruklike riglyne wat die Appèlhof aan die WVK gegee het om te verseker dat reg en geregtigheid gehandhaaf word, is die riglyne nooit in enige verhoor van die Komitee vir die Skending van Menseregte toegepas nie. Aartsbiskop Desmond Tutu en dr. Alex Boraine het die verrigtinge so gemanipuleer dat die riglyne telkens omseil is.

Die leuens wat só opgedis is, het veral onkundige en goedgelewige predikante

mislei. Hulle het weer onkundige lidmate beïnvloed. Min mense, ook akademici, doen enige moeite om hulle van die werklike feite te vergewis. Ek kan verskeie voorbeelde aanhaal om dit te staaf, maar sal volstaan met 'n berig op 5 Februarie 2012 deur prof. Christina Landman in Beeld. Sy skryf onder meer:

“Die ANC is nou 100 jaar oud. Die meeste van dié tyd het hy saam met die Christendom geloop. Die vraag is nou net: Was dit 'n gesonde two-step? Of het kerkleiers heilige geweld by die ANC aangeblaas? En het geskrifte soos die Belhar-belydenis swart mense gewelddadige dinge laat doen met belofte aan 'n goddelike seën daarby? “Kyk, die ding staan só: Die ANC het nie die land met geweld oorgeneem nie. Die ANC het – met of sonder die kerk se hulp – nie die politieke stryd met geweld gewen nie. Hy het dit juis gewen wanneer hy op sy weerloosste was. Soos met Sharpeville. Toe ongewapendes met geweld uitmekaar geskiet is deur die “*boys on the border back home*” wat ernstig deur die wit kerk ondersteun is. En die hele wêreld kon sien wat gaan aan.”

Dit is heeltemal ongegrond en 'n produk van propaganda waaraan mense daagliks blootgestel word. So is daar talle persepsies oor die gruweldade van apartheid wat van alle waarheid ontbloot is. In die geval van Sharpeville is die feite soos volg:

'n Kommissie van ondersoek onder regter P Wessels het die Sharpeville-voorval ondersoek en die volgende feite is geboekstaaf :

- 294 Lede van die Polisie was binne 'n draadomheining deur 'n moordlustige skare van ongeveer 20 000 vasgekeer.
- Die skare was met pangas, ystervoorwerpe en stokke gewapen.
- Die skare is deur middel van 'n luidspreker herhaaldelik versoek om uiteen te gaan.
- Die polisie het die hek oopgemaak om 'n lid van die skare wat om beskerming gevra het, binne te laat.
- Die skare het daarna deur die hek gebars en die lede van die polisie het uit selfverdediging begin skiet.

Die harde werklikheid is dat slegs die verminkte lyke van die polisie op die toneel sou agtergebly het as hulle oorweldig sou word. Dit word bevestig deur voorvalle soos Bergville en Cato Manor waar lede van die polisie op barbaarse wyse in die uitvoering van hulle pligte vermoor is.

Die massa-optogte en geweld by Sharpeville is deur die PAC georganiseer en nie deur die ANC nie. Daarbenewens het die Sharpeville-voorval op 21 Maart 1960 plaasgevind. Daar was toe nog nie enige grensdiens nie. Prof. Landman se smalende vermelding van “*the boys on the border back home*” weerspieël baie duidelik die invloed van propaganda.

Ek was in 1960 op Johannesburg-Sentraal gestasioneer. Lede van die polisie moes inderhaas vanaf verskillende polisiestasies binne bereik van Sharpeville as versterkings gestuur word om 'n dreigende bloedbad af te weer. Ek het persoonlik ná die voorval gehelp om verklarings van die betrokke lede van die polisie te neem met die oog op die kommissie van ondersoek. Tot op daardie tydstip het die Polisiemag nie met grootskaalse masseverset te doen gehad nie en die polisielede se opleiding en toerusting was ontoereikend. Daar bestaan egter geen twyfel dat die betrokke lede van die polisie in lewensgevaar verkeer en uit selfverdediging geskiet het nie.

Sharpeville is ongetwyfeld die een voorval wat die meeste uitgebuit word om die gruwels van apartheid te beklemtoon, skuldgevoelens te skep en waaroor die meeste onkunde bestaan.

Belhar is onlosmaaklik in die ongeregthede van die verlede verstregtel. In sekere opsigte is dit gewaande ongeregthede en berus op persepsies wat deur propaganda en leuens gevorm is. Daar is weinig twyfel dat dié belydenisskrif self 'n rol gespeel het om ongeregthede te bevorder. Dit is vir my moeilik om te begryp hoe leidende teoloë die standpunt kan huldig dat Belhar noodsaaklik vir die Kerk is om die ongeregthede van die hede te beveg.

(Genl. Johan van der Merwe is 'n voormalige kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiemag.)